

# Hoekom ek Here?



Gereeld prop ons 'n kragkabel in die toevoer sok, om ons foon se battery te laai of om water te kook vir koffie. Selde dink ons aan die krag toevoer wat ons water laat kook of die foon battery laai.

Dit is slegs as ons agterkom die foon laai nie meer nie of die water kook nie, dat ons ondersoek instel.

Dan kan die probleem op een van drie plekke wees:

- Die Krag Substasie (**Hooftoevoer**)
- Die Krag kabel tussen die substasie en my huis (**Die Koppeling**)
- Die **Toerusting** wat ek gebruik (ketel of laaier)

So gaan dit gewoonlik ook met ons geloof ... nou te besig, sal netnou lees en bid. Soms vergeet ons net om te lees en te bid.

Maar dan kom die dag van die "krag onderbreking" wanneer ons as mens stom geslaan word deur een of ander gebeurlikheid in ons lewe. Die vraag is gewoonlik "Hoekom ek!" Ek weier om te aanvaar dat dit met my kon gebeur! Hoekom laat die Here dit toe?

Die Here gee ons die krag om elke dag voluit te lewe. Hy is dus die **Hooftoevoer**. Wat ons nie in ag neem nie, is dat iemand **die koppeling** tussen myself en die toevoer gesteel het! Net soos wat my krag installasie gereelde inspeksie nodig het om te verseker die krag bly aan, so het my geloofslawe ook gereelde introspeksie nodig om my koppeling met die Hoof Toevoer (Die Here) na te gaan en "onderhoud" te doen.

Die wete dat die Here daar is in Gees, tydens die "kragonderbreking", gee my die gemoedsrus wat ek nodig het om staande te bly gedurende 'n krisis!

## Lees die volgende Skrifgedeeltes:

**Psalm 27:1** Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?

**Psalm 37:5** Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom, Hy sal sorg.